**Wanneer moet ek 'n Strafreg Prokureur raadpleeg?**

Dit is raadsaam om ʼn prokureur te spreek:

- sodra u van 'n misdaad aangekla of selfs beskuldig word;
- wanneer u versoek word om deur die SAPD ondervra te word;
- wanneer u van mening is dat lede van die SAPD onwettig opgetree het. Klagtes teen die polisie word ondersoek deur IPID, (sien https://www.prokureur.co.za/Acts.html?id=independent-police-investigative-directorate-act-2011#theAct)
- Alhoewel dit enige persoon vry staan om homself in straf verrigtinge te verdedig, word die opsie nie aanbeveel nie.

**In die geval waar u van ‘n misdaad aangekla is kan 'n prokureur:**

- stappe neem om u vrylating vanuit aanhouding te bewerkstellig;
- met die owerhede onderhandel om klagtes teen u te laat vaar of te verminder;
- inligting versamel om sodoende u saak te versterk en moontlike swak punte in die Staat se saak aan die lig te bring;
- 'n privaat speurder of 'n deskundige opdrag gee om u saak te ondersoek;
- verseker dat geen getuienis teen u op ‘n onwettige wyse bekom is nie.;
- 'n identiteitsparade bywoon om die regverdigheid daarvan te verseker;
- u verteenwoordig by u verhoor;
- verseker dat u die ligste moontlike straf opgelê word.

**Verskil Strafreg Prokureurs van gewone prokureurs?**

Nee. Dit is wel waar dat byna twee derdes van Suid-Afrikaanse regsfirmas nie strafreg-sake onderneem nie.

Volgens die Suid-Afrikaanse Wet genootskap se "National Survey of the Attorney's Profession" beoefen slegs 35,6% van firmas strafreg.

Volgens Wikipedia ervaar die meeste prokureurs die strafhowe as 'n intimiderende plek. Strafreg prokureurs is dus 'n unieke spul!